# 23 Julie 2020 - Lesing 1 - Die Groot Skepping van die Heelal

## Die groot skeppingsmens en die aarde

*Groot Johannes Evangelie Boek 5 - Hoofstuk 114*

**DIE MEESTER**: [1] 'Julle kan julle nou inderdaad tereg afvra waarom het **hierdie klein aarde** en haar klein mensies nou juis hierdie eer en barmhartigheid gekry het, want in die eindelose skeppingsruimte is daar immers `n ontelbare aantal baie groot en glansryke ligwêrelde, wat baie geskikter sou gewees het om **Elohim se kinders** te dra, te voed en te voorsien van alles wat daarvoor nodig is. So sou die wêreldgrote mense van die oersentraalson immers meer aansien hê as kinders van Elohim as die onder die stof sittende wurms van hierdie klein aarde! As ons uiterlik oordeel, blyk dit dat daar inderdaad niks of in elke geval baie min teen hierdie vraag ingebring kan word, maar gesien die innerlike verhoudinge van die dinge van die lewe sou dit selfs `n soort onmoontlikheid wees.

[2] Die organisme van elke mens het digby **die middel van die hart sy lewenssenuwee, `n miniskuul (baie klein) klont,** van waaruit die hele res van die liggaamsorganisme met lewe vervul word. `n Gedeelte van die een hartsenuwee klont het die eienskap dat sy die lewenseter uit die bloed en uit die ingeasemde lug sodanig na haarself toe trek, dat sy daardeur ten eerste self buitengewoon lewensaktief bly en vervolgens ten tweede hierdie lewensaktiwiteit aan die hele organisme meedeel en daardeur die hele liggaam op passende wyse van lewe voorsien.

[3] Wanneer Ek jou voet of hand sou afkap, dan sou jy voortlewe, soos wat jy dit by baie ou soldate kan sien, by wie tydens gevegte hande, voete, ore en neuse afgekap was, en wat nog steeds, al is hy vermink, tog verder lewe; maar die geringste verwonding van die hart, waarin die klein sentrale lewessenuwee haarself bevind, **het oombliklik die liggaamlike dood tot gevolg**.

[4] En soos wat hierdie voorsiening in die menslike liggaam aangetref word, netsoos ook in die warmbloedige diere, so bestaan hierdie voorsiening ook **in die groot skeppingsruimte**: Alle tallose talle heelalswere vorm in hulle totaliteit `n reusagtige, vir julle begrip, `n eindelose groot mens. In hierdie mens **is die heelalsfeer waarin ons onsself bevind, die hart, en juis hierdie aarde is die buitengewone klein lewenssenuwee vir hierdie hele groot mens; hierdie lewenssenuwee bevind hom nie in die middel van die hart nie, maar meer links daarvan.**

[5] In die middel van die hart is daar weliswaar ook `n baie groot senuwee kompleks, maar dit is nie die plek waar die sentrale lewe gevestig is nie. Dit is net `n werkplek, waar die voedingstof vir die lewe, wat uit die bloed en uit die lug kom, opgeneem en bewaar word. Daarvandaan neem die sentrale lewenssenuwee hierdie voedingstof eers op en bevrug of seën dit eers as `n substansie wat vir die lewe geskik is, dit wil sê vir die tydelike, natuurlike saamlewe met die siel, want sonder hierdie senuwee sou die siel glad nie in verbinding kon tree met die organisme van die liggaam nie.

[6] Hierdie lewenssenuwee waaroor ons nou praat, bevind haarself êrens aan die **linkerkant van die hart** en is **`n uiters onaansienlike, buitengewoon klein selletjie,** te vergelyk met `n baie, baie klein senuweeknoop onder die bal van die kleintoontjie aan die linkervoet en `n ooreenkomstige een onder die kleintoontjie van die regtervoet. Hierdie gevoelselle, waaroor maar net die opperhuid lê, is die sentrale gevoelsenuwee geleiers van die voete, - en wie kan dit sien en wie weet dat dit so is?!

[7] Wanneer iemand liggaamlik `n ongeluk sou oorkom en die kleintoontjie van sy voete verloor, dan sou hy baie moeilik kan loop, baie moeiliker as wanneer hy sy groottone sou verloor. Nou kan daar dalk iemand opstaan en vra: 'Maar Meester, waarom is die kleinste dinge in U onmeetlike skepping nou juis meestal die belangrikste?'

[8] Dan stel Ek egter `n teenvraag en sê: 'Waarom is by julle mense, die fondament van `n huis dikwels meer as duisendmaal kleiner as die hele huis, wat aan die goed gelegde fondament sy belangrikste steunpunt het? Waarom is daar dan soveel leuens, terwyl die ryk van die waarhede eintlik maar één basiswaarheid het? Waarom is die eik so `n groot boom, terwyl die kiem in haar vrug, waarin daar tallose talle eikebome van die grootste soort beslote lê, so klein soos `n allerkleinste sandkorreltjie?'



# 24 Julie 2020 - Lesing 2 - Die Groot Skepping van die Heelal

### Die ontrou van Lucifer

231 "Die tydruimte vanaf Adam tot op hede is egter kort vergeleke met die, vir die menslike begrip `n byna eindelose duur vanaf die periode van die eerste **ontstaan van die oergeskape wesens tot op die punt waarop hulle in die volle gebruik van hul vrye wil gestel was**. En daar het weer so `n onmeetbare tydruimte gevolg vanaf hulle val tot by Adam en tot by ons!

[2] Kyk, daar is in die eindelose skeppingsruimte bepaalde oer- en tewens hoofmiddelsonne, wat vanweë hulle te groot afstand, hoewel hulle onuitspreeklik baie keer groter is as hierdie aarde, hiervandaan ternouernood as klein glinsterende kolletjies gesien kan word - en dan slegs nog maar deur mense met baie skerp oë! **Hierdie oersonne het ongeveer `n ouderdom gelykstaande aan die periode vanaf die val van die oergeeste tot op hede**. En kyk, as `n mens die ouderdom van hierdie sonne sou wou bepaal volgens aardse jare, dan sou `n mens nie eens in staat wees om oor die hele aarde `n getal op te skryf waarin die eindelose hoeveelheid van aardjare voldoende uitgedruk sou wees nie! En as jy vir elke duisendmaal duisend aardjare (`n miljoen jaar) `n baie klein sandkorreltjie sou neem, en jy vul die hele aarde met hierdie sandkorreltjies, die seë inbegrepe, dan sou die tydsduur wat al die sandkorreltjes sou voorstel vir so `n oerson nog veels te kort wees.

[3] So `n periode het dus wel ontsettend lank geduur, maar beteken tog kwalik iets ten opsigte van die **oerperiode waarin Elohim uit Sy gedagtes en idees die eerste geeste begin vorm en selfstandig gemaak het**. Wat het daar in die eindelose lang periode nie alles gebeur vir die algehele ontwikkeling van die vrye wil van die oergeeste nie!

[4] En tog was daar aan die einde van die eindeloos lang vormingsperiode van die oergeeste nog `n oorgroot aantal van so `n aard wat, ofskoon hulle die korrekte vormingsweë van Elohim goed verstaan het, uiteindelik **van `n vrye volg van hierdie weë tog niks wou weet nie**. Hierdie geeste het liewer afgewyk van die gebode en goed aangegewe, geordende weë van Elohim ter wille van die gouer te verkreë, maar kort durende voordeel, **en het die weg van hul persoonlike verderf betree.**

[5] **Die vernaamste liggees, wat woonplek gebied het aan ontelbare ander liggeeste**, wat almal ryklik voorsien was van talloos baie verstandelike vermoëns, het naamlik by homself gesê: 'Wat het ek verder nog nodig? Ek besit alle eienskappe wat Elohim ook het, en Elohim het al sy krag in my geplaas. Nou is ek sterk en het mag oor alles. Hy het alles wat hy het, weggegee, **en ek het alles geneem**. Elohim het nou niks meer nie, maar ek het alles. Laat ons dus maar eers sien of die voordeel wat volg op die oortree van die gegewe gebod, werklik maar van korte duur sal wees. Hy dink toe: Met ons huidige onbeperkte krag en mag sal ons die duur van die kort durende voordeel verseker vir ewighede kan verleng. Wie sal dit kan verhinder? Buiten ons is daar in dié eindelose ruimte, wat ons nou ingeneem het, **geen hoëre mag en geen beter verstand as ons s'n nie**; wie sou ons die voordeel dan kon betwis?

[6] Kyk, dit het die liggees by homself gedink en gesê en dus ook aan die afgesonderde geeste wat onder hom gestaan het. So gesê, so gedaan, en die gevolg was **dat hy homself gevange geneem het in sy traagheid, waarin hy steeds 'n meer vaste vorm aangeneem het, en die gevolg daarvan was dan weer die vorming van die materie, alles volgens die goddelike orde,** want die onafwendbare gevolg van die nie-onderhouding van die goddelike gebod was net so seker vooruit bepaal as die vrye toestand van die geeste wat die gebod van Elohim volkome aan en in hulle vervul het.

[7] En so het die hoofgees en saam met hom al sy verwante geeste hulleself deur hierdie val baie hardnekkig en verbitterd **gevange geneem**. Hoe lank dit hom egter sal geval om in gevangenskap te bly, dit weet buiten Elohim niemand in die hele oneindigheid nie, ook nie die engele nie.

[8] Maar dit is seker, dat daar nou uit **die verlore seun van die lig** die afgesonderde geeste weer deur die Mag van Elohim gewek word, **en in die vlees as kinders van die wêreld geplaas word**. Hulle kry die geleentheid, net soos die **kinders van bo**, om hulle te verhef tot die hoogste voleinding van die kinders van Elohim.

[9] **Alle materie is daarom afgesonderde gees wat as siel in die gees van elke mens tot die ewige lewe wedergebore kan word**. As alle afgesonderde geeste egter uit die materie van `n wêreld bevry sal word, dan het so `n wêreld ook heeltemal aan haar einde gekom.

[10] By `n wêreld soos die aarde sal dit egter ontsettend lank duur, maar eendag sal die einde tog kom.



# 25 Julie 2020 - Lesing 3 - Die Groot Skepping van die Heelal

## `n Heelalsfeer* (‘Hülsenglobe’ in Duits)

***GJE Boek 2 - 57***

[1] Elkeen soek nou sy rusplek op en slaap tot laat in die oggend. Ek rus ook en slaap `n paar uur. Altwee engele was egter die nag besig met die bestuur van die wêrelde en na sonsopkoms was hulle alweer by ons, kom na My toe, bedank My en sê: "Meester, tot in alle uithoeke van die groot ‘wêreldmens’ is alles in orde. Die hoofmiddelsonne staan onwrikbaar op hul plekke en hul omwentelings is reëlmatig, die baan van die sekondêre middelsonne wyk nie af nie, die baan van die derde klas middelsonne om die tweede is ook heeltemal in orde, so ook die middelsonne van die vierde klas met hul ongeveer tienmaal honderd-duisend planete en sonne - soos wat U, o Meester, dit vanaf die oerbegin bepaal het! Omdat die tallose planetêre sonne met hul klein, meestal donker, planete en mane tog afhanklik is van die stelsel van die groot leidingsonne, is in hierdie heelalsfeer wat onder ons toesig geplaas is, alles in volmaakte orde, en ons mag daarom weer `n skitterende dag hier by U deurbring, gewyde Vader, en by U kinders wat vir ons so dierbaar is!"

***Johannes 1:51*** *En Hy (**JaHshua**) sê vir hom: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, van nou af sal julle **die Hemele geopend sien** en die Boodskappers/Engele van Elohim opklim en neerdaal na die Seun van die Adam.*

[2] Ek sê: "Goed so, gebruik egter elke oomblik ten volle vir allerlei nuttige lesse, **want My kinders het dit nog baie nodig!"**

[3] Beide die engele verwyder hulleself nou baie bly en hoogs gelukkig groet hulle vir Mirjam en vervolgens die leerlinge, Cyrenius, Cornelius, Festus, Jaïrus, Kisjonah en Borus. Maar Cyrenius, wat iets oor die talle sonne gehoor het, vra beide die engele dadelik oor watter sonne hulle met My gepraat het, omdat hy slegs één son ken.

[4] Beide van hulle sê baie liefdevol: "Liewe vriend en broer in die Meester, begeer nie om te weet wat jy nou onmoontlik nie sal kan verstaan nie, en waarin die heil van jou siel ook nie heeltemal van afhang nie! Dit, wat ons met die Meester bespreek het, sou jou dood beteken as jy dit in die mate sou verstaan en insien soos wat ons dit verstaan en altyd moet insien. Want al die sterre wat jy tydens `n mooie nag sien en nog talle ander, wat jou oog vanweë hul groot afstand van hier af nie kan sien nie, is letterlik sonnewêrelde wat vir jou verstand van onmeetbare grootte is. Die een son wat jy sien, is een van die kleinste planetêre sonne; maar tog is hy alreeds meer as `n duisendmaal duisend keer groter as hierdie aarde. Stel jouself dan eers `n vierde klas middelson voor, waaromheen minstens tienmaal honderdduisend van sulke planetêre sonne in `n groot kring tesame met hul planete, of liglose klein aardes, soos die wat deur julle bewoon is, in hul baan trek! **Die omtrek van so `n middelson alleen,** is so groot soos duisendmaal die som van die omtrek van al die planetêre sonne en hul bybehorende aardes en mane. - Sê my eers, vriend, kan jy jou nou `n voorstelling van die grootte maak?"

[5] Cyrenius sê: "Lieflike dienaars van Elohim, vertel my niks meer verder daaroor nie, want dit begin my te duisel! Wie sou dit nou ooit kon droom? En julle kon dit almal so te sê in één oomblik oorsien? Wat `n mag en diepe goddelike wysheid moet julle nie besit nie! Maar omdat ek so weetgierig is, vertel my dan tog net in die algemeen wat daar eintlik op die eindelose talle en eindelose groot sonne te vinde is!?"


[6] Beide van hulle sê: "Wat jy op aarde sien, kan jy baie meer edel en dikwels ook reusagtig baie groter op `n groot sonnewêreld vind. Mense, diere en allerlei soorte plante is daar net soos hier, daarby is daar baie groot en onbeskryflike pragtige woonhuise, waarby vergeleke met die tempel van Jerusalem en die paleis van die keiser in Rome, dit heel miserabele slakkehuisies is, en orals is hierdie Een alleen maar die Meester en die ewige voortdurende Skepper!"

*[*"Heelalsfeer" (Hülsenglobe) is die naam vir die groepering van tientalle miljoene maal tientalle miljoene sonne, wat hulle as sentrale sonne van die eerste, tweede, derde en vierde klasse saam met die tallose ander planetêre sonne, soos wat ons van die aarde af kan sien, rondbeweeg. Almal is in `n groot uitgestrekte baan en beweeg om één gemeenskaplike, onmeetlike groot middelpunt, wat bestaan uit `n byna eindelose groot hoofmiddelson. - Ontelbaar baie van sulke ‘heelalsfere’, wat vir die mens ondenkbare groot afstande van mekaar verwyderd is wat die ewige oneindige ruimte vul, heet as `n geheel "**Die groot wêreldmens**". - Hierdie aantekening is bedoel om die oggend se mededeling van die twee engele aan JaHWèshua, die Meester van die oneindigheid, beter te verstaan. Jakob Lorber.]*


## GJE Boek 5:115 (SIEN SKETS)

[8] Kyk, as dit vir My daarom moet gaan om van julle uiteindelik mense te maak wat baie traag sal dink, dan sou dit nie moeilik vir My wees om vir julle oë `n heelalsfeer in die lug te teken nie. Dan sou julle die hele sisteem van `n heelalsfeer, waaroor ons nou praat, selfs makliker verstaan as dat 2 staters plus nog twee staters sonder twyfel 4 staters (baie klein muntstukkie) is! Maar Ek wil dat julle aktief bly dink, en het daarom in wat Ek julle vertel het, iets te kenne gegee, wat julle wakker sal maak en julle die slaap ontneem.


[9] Ek het vir julle al voorheen eens iets daaroor gesê, wat julle om dieselfde rede natuurlik nie so duidelik verstaan het nie, en dit sou Ek julle ook nou kon vertel, sonder om daarop te reken dat julle dit volledig sou verstaan, maar sodat julle dikwels daaroor sal nadink




**Planete se groottes t.o.v. mekaar**





**Planete se groottes t.o.v. Ons Son**



by geskikte geleenthede, veral tydens nagte met `n helder sterrehemel.

[10] Maar om die dinkery vir julle `n klein bietjie makliker te maak, sal Ek julle op soortgelyke verskynsels op hierdie aarde wys. Kyk eers na die inrigting van `n leër/weermag, dan het jy al so ongeveer die inrigting van `n heelalsfeer met haar sentraal- en oersentraalsonne! Daar staan `n **AANVOERDER** van slegs tien tot dertig soldate, en daar weer `n ander **AANVOERDER/HOOFMAN**, al iets groter, wat die bevel voer oor tien aanvoerders van die eerste orde. Die eersgenoemde aanvoerder is te vergelyk met `n **planetêre son**, en die tien tot dertig gewone soldate staan ongeveer gelyk met die **planete** wat om `n son sirkel. Die tweede, iets hoër geplaaste aanvoerder van die juis nou genoemde tien troepe is al te vergelyk met `n **sisteem-sentraalson**, waar om hom, op verskillende afstande, `n hele spul **planetêre sonne** met hul dikwels talle **planete** beweeg. Hierdie planetêre sonne, wat om `n groot sentraalson beweeg, vorm tesame met hul een sentraalson `n **sonnegebied**; dit moet julle nou goed onthou om die volgende beter te kan verstaan.


[11] Nou gaan ons na `n **leëraanvoerder** van die derde orde! Hy het op sy beurt weer ongeveer tien aanvoerders van die tweede kategorie onder hom; oor hulle voer hy die bevel en hy moet hulle almal leiding gee. Die bevele van hierdie **derde aanvoerder**, wat ons '**OWERSTE'** sal noem, word slegs gegee aan die troepe-aanvoerders wat onder hom staan (**HOOFMANNE**), en die gee dit dan weer deur aan die aanvoerders van die kleiner troepe, en hierdie dan eers aan die afsonderlike gewone soldate. So praat ons nou van `n **sonnegebied** en dit spreek vanself, dat daar in die skeppingsruimte ook baie meer sonnegebiede is; hulle moet op hulle beurt ook weer `n gemeenskaplike, nog groter leier hê.



[12] Laat ons die soldate wat onder `n **HOOFMAN** staan, `n **kompanie** noem; en nou stel ons onsself voor dat tien tot twintig kompanies weer onder `n hoëre bevelhebber staan, wat byvoorbeeld `n **OWERSTE** is en gewoonlik die bevel voer oor `n **legioen**, wat meestal uit **tien tot twintig kompanies** bestaan! So `n legioen is dan al `n heel aansienlike strydmag en vorm al `n baie belangrike deel van `n hele leër. `n **Legioen** kan ons nou die beste met `n **sonne-heelal** vergelyk. En soos wat ook verskillende legioene weer onder bevel van `n veldheer staan, so staan dan ook die sonne-heelal weer onder `n nog groter en magtiger **sentraalson**; hierdie sal ons die **'sonne-heelal-sentraalson'** noem, om haar van die vroeër genoemde te onderskei.

[13] Nou staan egter al die talle leërs onder één enkele **MONARG**, en so ook die buitengewoon talle sonne-heelalle onder die algemene **hoofsentraal-oerson**; hy moet natuurlik kolossaal groot wees om die talle sonne-heelalle na hom toe te trek en om hulle, in vir julle onmeetlike verre baan, om hom heen te laat sirkel, soos wat die planetêre son dit met haar afsonderlike planete en die bybehorende mane doen. So `n ware **sonnemonargie** noem Ek om goeie redes `n **heelalsfeer**.

[14] `n Sfeer is hulle vanweë haar volledige ronde vorm, - `n huls (skil, dop) en hemelliggame is hierin, omdat hulle almal met `n geoordeelde geestelike lewe omhul (omhulsel) is, en omdat hierdie uiteindelike draagster (globe) self `n universele huls is, omdat hierin eons* maal eons sonne, om `n bepaalde ordening in stand te hou, heeltemal omhul blyk te wees. Sê My nou, Mathaël, of jy My nou duideliker verstaan het as voorheen!"



**AANHALINGS UIT DIE GROOT JOHANNES EVANGELIE—BOEK 5**

***Die einde van die aardse materie***

**Hoofstuk 111 DIE MEESTER**: 'Daarom sê Ek vir julle: Wie My reeds hier, of tog in elk geval aan die ander kant uit alle mag sal soek, vind en herken en dan bo alles sal liefhê en sy naaste met alle geduld soos homself, **die sal My kind, dus My seun of My dogter wees!** Maar diegene wat My **nie** sal soek, **nie** sal vind, en **nie** sal herken nie, en dus ook **nie** sal liefhê nie, en wat dan ook vol liefdeloosheid sal wees teenoor sy medemens, die sal dit ook **ewiglik nooit** tot My kindskap bring nie! Want My kinders moet net so volmaak wees soos wat Ek, hul ware Vader, Self volmaak is!

[2] Die later baie wel moontlik gesuiwerde wêreld-kinders sal egter **geestelike bewoners van die wêrelde wees,** en in, met hulle ooreenstemmende gesel-skappe, verblyf hê waarin hulle **gesuiwer** word; maar in die **huis van die ewige Vader in die sentrum van die allerhoogste hemel** sal hulle nooit in- en uitgaan soos wat **My ware kinders**, wat met My steeds die hele oneindigheid sal regeer, ewig en ewig sal kan nie.

[3] Hierdie aarde sal na die voorspelde laaste groot suiwering netsoos nou mense en nog mense dra; maar hierdie toekomstige mense **sal baie beter wees** as die huidige, en hulle sal altyd deur My `n lewende woord hê.

[4] En as die aarde ooit na, vir julle ondenkbare talle jare al haar gevangenes uitgelewer sal hê, sal sy self in die ligsee van die son **in `n geestelike aarde verander**. Want die heel onderste huls of skil, waarin die lewende geeste en siele vroeër gewoon het, lyk soos puimsteen, wat, ofskoon dit geen eintlike lewens-element meer is nie, tog altyd nog `n growwe en verskeurde organiese materie is en **geoordeelde geeste van die allerlaagste soort in homself dra**.

[5] Wat moet daar met die substraat (fondament) gebeur, as al die intelligente lewe hom daaruit vrygemaak het? Moet dit as `n min of meer uitge-brande klomp puimsteen, wat geen enkele verdere bestemming meer het nie, as volledig dood in die eindelose ruimte ronddrywe? Of sou dit tog nog iets moet of kan wees in die sfere van die lewende en op die mees verskillende maniere voleindigde geeste? Ja, dit moet iets wees; want niks kan in die eindelose ruimte, wat ook My ryk en My ewige woonhuis is, as die algehele dood en sonder enige bestemming êrens bestaan nie! Maar as daar van `n bestemming sprake is, dan is dit baie seker `n **geestelike bestemming**, wat ewig duur omdat daar nooit êrens `n materieel-ewige bestemming kan wees nie.

[6] Alle **materie**, met betrekking tot ruimte en tyd as `n geslote geheel, kan immers maar net `n **tydelike bestemming** hê. As dit egter gedurende `n bepaalde periode geheel en al hieraan beantwoord het, en as daar hiermee, soos met `n medium, `n hoër lewens-doel bereik is, en as die materie, wat vroeër `n bruikbare en gesonde houer was vir `n bepaalde doel, half vergaan en verbrokkel en vol gate en sodoende vir `n soortgelyke ander doel volledig onbruikbaar is, wat sou daar dan verder nog van die puimsteen moet word?

[7] Kyk net na `n (hout) emmer by `n waterput! Wat gebeur daarmee nadat hy talle jare lank diens gedoen het by die waterput? Kan hierdie volledig vergane emmer en wat vol gate is, nog verder gebruik word by die waterput? Nee; daarom sal hy weggevat en verbrand word; daardeur los hy volledig op in rook, lug en `n bietjie as, wat na verloop van tyd deur die vogtigheid van die lug ewe-eens in `n eenvoudige lugsoort opgelos word en in die opgeloste lugtoestand eers weer diens kan doen as `n goeie basis van die reële geestelike sy. En ook al ontstaan dieselfde wateremmer nie meer hieruit nie, tog kan daar weer hoogstens `n teer en subtiele omhulsel daarvan gemaak word, wat draer van die lewende water uit My kan word."

## 28 Julie 2020 - Lesing 5 - Die Groot Skepping van die Heelal

### AANHALINGS UIT DIE GROOT JOHANNES EVANGELIE—BOEK 5

***Die materiële wêrelde sal ook in die geestelike verander word. Kinders en skepsele van Elohim***

**Hoofstuk 112 DIE MEESTER**: 'En wat daar met die ou wateremmer gebeur deur die verstand van die mense, of wat in elke geval tog na alle waarskynlikheid daarmee kan gebeur, dit sal later ook met die aarde gebeur en met alle ander hemelliggame, selfs met die oersentraalsonne; en **daaruit ontstaan dan volkome geestelike wêrelde om die salige geeste te dra en hulle tot woonplek te dien.**

[2] En hierdie hemelliggame sal dan nie net uitwendig, maar baie meer **inwendig bewoon word** in al hul lewenstempels wat binne aanwesig sal wees en wat sal ooreenkom met die vroeëre organies-materiële vorme.

[3] Dan eers sal die mense, as voltooide geeste, die inwendige **hoedanigheid van die wêrelde wat hulle eens gedra het, volkome leer ken**, en in alle vreugde sal hul verbasing geen einde hê oor die buitengewoon wonderlike gekompliseerde, inwendige organiese inrigting daarvan, van die kleinste tot die grootste **organe**.

[4] Die op hulself klein, liglose planete, soos wat hierdie aarde is, haar maan, die sogenoemde Venus, Mercurius, Mars, Jupiter en Saturnus en nog meer soortgelyke planete wat by hierdie son hoort, sal, na vir julle ondenkbare talle aardse jare, **geheel in die son opgaan,** netsoos die talle komete, wat later ook mensdraende planete sal word, deels deurdat hulle op bepaalde oomblikke telkens verenig met `n planeet wat reeds mense dra, en deels omdat hulle ryp geword het, en `n selfstandige planetêre eenheid sal word.

[5] Die son en haar talle, talle mede-sonne sal in hul spesiale middelson opgaan, hierdie middelsonne, wat `n buitengewoon hoë leeftyd kan hê en waarvoor `n eon (desiljoen maal desiljoene) aardse jare `n jaar is, sal opgelos word in die sentraalsonne van die sonnegebiede, wat natuurlik in al hul bestaans-verhoudinge - om dit in Arabiese getalle uit te druk - miljoene maal miljoene kere groter is as hul voor-sonne. Hierdie sentraalsonne van die sonnegebiede sal wederom oplos volgens dieselfde verhouding van die grotere sonneheelal-sentraalsonne, en hierdie uitein-delik in die enige oersentraalson, waarvan die massale omvang vir julle begrippe werklik onmeetbaar is.

[6] Maar waarin sal dit dan uiteindelik oplos? In die vuur van My wil, en vanuit hierdie uiteindelike oplossing sal alle hemelliggame dan terugkeer na hul vroeëre orde en diensbaarheid, maar geestelik, en dan sal hulle **geestelik ewiglik voortbestaan** in al hul prag, grootsheid en wonderbaarlikheid.

[7] Natuurlik moet julle dit nie vir julleself so voorstel asof dit alles byvoorbeeld more of oormôre sal gebeur nie, maar as julle vir elke sandkorreltjie, soveel as wat die hele aarde kan bevat, een jaar aardse tyd sal gee, dan sal dit nouliks genoeg wees vir die bestaans-periode van die materiële aarde. Daarom kan die mens die veel langer bestaan van die son gladnie voorstel nie, natuurlik nog baie minder die bestaan van een van die vroeër genoemde sentraalsonne, van die sentraalsonne van die dieper geleë sonnegebiede en nog enorm veel minder kan julle die vir julle nooit te bereken duur van die sonneheelal-sentraalsonne voorstel en heeltemal nie van `n oersentraalson nie, - en dan word dit nog minder voorstelbaar terwyl die **sonne nog steeds nuwe hemelliggame voortbring**, en die sentraalsonne nog steeds nuwe planetêre sonne, en die oersentraalson ook nog steeds hele leërs sonne van elke soort voortbring.

[8] Maar ondanks hierdie vir julle onmeetlike duur van die groot hemelliggame, sal die tyd tog eendag uitgeloop wees en daarmee sal `n skeppingsperiode opnuut voltooi en afgeslote wees, waarna dan in `n eindelose ver weg geleë skeppingsruimtegebied weer na `n nuwe skepping voortgeskry sal word, waaraan julle, soos ook aan nog tallose talle nuwe skeppings wat sal plaasvind, sal deelneem, begaafd met `n steeds groter magsvolkomenheid, maar slegs as My ware kinders!

[9] Want wie langs hierdie voorheen beskrewe weg, **nie die kindskap van Elohim sal bereik nie**, sal weliswaar as `n voltooide, verstandige en tog wel **geluksalige skepsel op sy geestelike aarde woon, lewe, handel en wandel,** en sal selfs ander aangrensende geestelike wêrelde besoek - ja, hy sal deur sy hele heelalsfeer* kan trek!, maar verder as dit sal hy dit ewiglik nie maak nie, en die behoefte tot `n daadwerklike verlange na iets hoërs sal ook nie in hom opkom nie.

[10] Maar **My kinders sal steeds by My wees** en met My soos vanuit één hart dink, voel, wil en handel! Daarin sal die eindelose groot verskil lê tussen My ware **kinders** en die met rede en verstand begaafde geluksalige **skepsele**. Sorg daarom goed daarvoor dat julle eendag deugdelik en waardig bevind sal word om My kinders te wees!"

# 29 Julie 2020 - Lesing 6 - Die Groot Skepping van die Heelal

### Die mense van die sterrewêrelde en die kindskap van Elohim

***GJE Boek 5, Hoofstuk 113***

**DIE MEESTER**: 'Ek sê vir julle, dat daar in die onmeetlike ruimte tallose talle heelalsfere is! In elke heelalsfeer, wat op sigself al vir julle `n onmeetbare ruimte inneem, omdat dit eons maal eons sonne en sonnegebiede bevat, lewe sekerlik **tallose talle geskape mense, hetsy nog in hul liggame of al suiwer geestelik;** hulle het op hulle manier gewoonlik `n baie helder verstand, en `n baie presiese oordeel wat dikwels so presies is, dat julle julleself nog lank nie daarmee kan vergelyk nie.

[2] Hierdie mense het ook af en toe vermoedens, wat soos drome is, dat daar êrens kinders van die Allerhoogste, Ewige Gees bestaan, en hulle koester heel in die geheim ook dikwels die verlange om teen elke prys My kinders te word; maar meestal is so-iets absoluut onmoontlik. Want alles moet in sy eie orde bly bestaan, soos wat by `n mens, by wie ook die dele en organe van die kniegewrig nie in die edel oë van die hoof verander kan word nie en die senings van die voete in elke geval nie maklik in ore kan verander nie. Alle ledemate van die liggaam moet bly wat hulle nou eenmaal is; en al verlang die hande hoe baie om ook te kan sien, dit help niks, hulle bly heeltemal gesond en geseënde blinde hande, maar kry egter tog ruim voldoende lig deur die edel oë in die hoof.

[3] So hoef die aarde ook geen son te wees om haar andersins duister grond te verlig nie; sy kry immers voldoende lig van die een son. Van die voeding wat `n mens uit hom neem, moet alle dele van die liggaam, elkeen op sy eie manier gevoed word, dus ook die oë en die hart. Maar slegs die suiwerste en mees ligverwante deeltjies word tot voeding van die oë verhef, en die mees liefdesleweverwante psigiese sieledeeltjies word met die lewensubstansie van die hart geassimileer; en hoe groter die deeltjies is, hoe groter is die meeste verskillende liggaamsbestanddele wat daarmee gevoed word. Dit sou die oog baie sleg bekom as deeltjies, wat as voeding van `n been geskik is, in die oog sou beland.

[4] En so sou dit ook in die algemene, groot skeppings-orde slegte gevolge hê, as Ek sou toelaat dat mense van ander wêrelde My allerenigste hartskinders sou word. Enkele kere is daar wel so `n toelating moontlik; maar daarvoor is groot loutering nodig en vooraf-gaande voorsiening en voorbereidings! Eerstens kry, oftewel die siele van hiérdie son hierdie barmhartig-heid, óf die aartsengele wat die plig het om hele heelalsfere te beheers en te lei en in stand te hou volgens die beste orde wat in `n oordeel heers. En hoe geweldig groot hulle ookal in alles is, hulle moet daarmee genoeë neem om hier **net soos Ek klein te word en hulle moet hulself elke deemoedigheid laat welgeval.**

[5] Ook vanuit die sentrale son van die sisteem, waartoe ook hierdie son behoort, kan siele op hierdie aarde oorgeplaas word om My kindskap te verwerf; dit is ook moontlik vanuit die sonnegebieds- en die sonneheelal-sentraalson. Egter net alleen uit die gebied van dieselfde sonneheelal waarin hierdie aarde haarself bevind, kan ook nog siele hierheen kom, maar vanuit die algemene oersentraalson nie maklik meer nie, omdat die siele van die noodsaaklikergewys **enorme, reusagtige mense immens te veel substansie in hulle het**, wat nie opgeneem sou kon word deur die klein liggaam van `n mens van hierdie aarde nie.

[6] Maar ofskoon daar in baie groot gebiede op die immense groot wêreldson dermate liggaamlike groot mense lewe, **dat hul hoof op sigself al minstens duisend maal groter is as hierdie hele aarde**, is tog selfs die swakste van My ware kinders op hierdie aarde, deur My gees in die hart van sy siel, al eindeloos **baie magtiger** as ontelbare van die groter as wêrelde synde mense van die oersentraalson.

[7] **Bedink daarom goed wat dit beteken om `n kind van die Allerhoogste Elohim te wees**, en wat se groot, ongeoordeelde en onaangetaste vrye wilsbeproewing daarvoor vereis word om die siel één te maak met My Gees in julle, wat vir julle die enigste weg is om dan heeltemal My kinders te kan word!"

# 30 Julie 2020 - Lesing 7 - Die Groot Skepping van die Heelal

**AANHALINGS UIT DIE GROOT JOHANNES EVANGELIE—BOEK 8**

**Die besondere plek van die aarde**

**Hoofstuk 56** Toe ons nog tussen die akkers en tuine naby in die omgewing van Bethanië rondwandel, bereik ons weldra die geliefde rusplek van Lasarus op `n klein heuwel om daar in die ope lug ietwat uit te rus, aangesien ons, met die besigtiging van die landerye van Lasarus, tog byna drie uur lopend deurgebring het. Daar kom één van die Romeine na My toe en vra: "Meester en Leraar, tot nou toe het ek maar net geluister en self geen woord gesê nie, en ek sê nou dat alles wat deur U, maar ook deur die merkwaardige engel gesê en uitgelê is en wat ons gesien het, My `n onweerlegbare bewys gegee het van U regstreekse aanwesige en persoonlike goddelikheid. Maar U het ons ook die sterrehemel verklaar en ons deur U goedheid en deur die almag van U heilige wil in `n sodanige toestand gebring dat ons die ander hemelliggame net so helder kon bekyk soos die velde van hierdie aarde nou met ons liggaamlike oë, en ons het oral mense aangetref en `n groot aantal ander skepsele. Ja, ons tref in die deur ons waargeneme ander hemelliggame selfs nog baie pragtiger lande en gebiede en mense en ander skepsele aan in `n eweneens baie hoër volmaaktheid, en dit is nie te beskryf hoeseer die skoonheid en groot reëlmaat in die vorm van hulle wonings wat hierdie aarde s`n oortref het nie.

[2] Wel nou, toe ek my gedagtes daaroor laat gaan, kom die vraag in my hart op, hoe en om watter rede U, o Meester, juis op hierdie, en in alle opsigte skamel aarde hom beklee het met `n menslike liggaam soos die mens dit ook op hierdie aarde het, aangesien daar vir U, vir hierdie doel, tog tallose miljarde van die pragtigste en grootste sonwêrelde ter beskikking staan. Wil U nie vir ons ook daaroor nog enige, en vir ons Romeine `n begryplike, opheldering gee nie?"

[3] **EK, JaHshua sê:** "O ja, - alhoewel Ek by die ontsluiering van die materiële skepping, met name by die beskrywing en duidelike verklaring van die ordening van die sonne in `n hulssfeer en daarna van die gehele groot Skeppingsmens, julle almal daarop gewys het hoe en waarom Ek juis op hierdie aarde en ook juis in hierdie tyd Myself met `n liggaam beklee het; maar ook as Ek dit vir julle opnuut sou uitlê, sal julle dit tog nie heeltemal tot op die bodem kan begryp nie, solank julle nog nie self in die gees **wedergebore** is nie. Maar desondanks sal Ek julle tog `n klein aanwysing daaroor gee, omdat Ek voorsien dat juis hierdie punt, onder die toekomstige filosowe en godgeleerdes, `n baie belangrike strydvraag kan en ook sal word. Luister dus nog `n keer na My!

[4] Die eintlike rede is natuurlik geleë in **My wysheid en My wil.** Dat elke mens net soos elke warmbloedige dier `n hart het, waar sy liggaamlike lewe van afhanklik is, sal julle almal goed weet, maar hoe die hart opgebou is, weet julle nie; Ek weet dit egter baie goed en weet daarom ook wat dit is waardeur die hart leef.

[5] In die hart is daar **twee uiterste klein kamertjies**, wat ooreenkom met beide die groot bloedkamers. Voor julle oë sou hierdie twee kamertjies byna as baie klein puntjies sigbaar wees. Hoe klein hierdie puntjies egter ookal mag wees, tog hang in die eerste plek, die **lewe van die hart en daardeur ook die lewe van die hele liggaam** en al die tallose dele en organe van die inrigting daarvan af.

[6] Die een, **eerste**, en as gevolg daarvan, allerbelangrikste kamertjie, kom ooreen met wat van die **gees** is en derhalwe van wat die eintlike lewe is, en ons sal dit die "**bevestigende", die "positiewe**" en dus die **ware** noem. Die **tweede**, en in `n sekere sin minder belangrike, hoewel ook absoluut noodsaaklik vir die natuurlike lewe van die liggaam, sal ons met die **materie ooreenkomstige**, dus ook die "**ontkennende**" noem. Dit het op sigself geen lewe nie, maar is slegs `n **opnamehouer** van die lewe wat met elke nuwe hartslag uit die bevestigende kamertjie as`t ware opnuut opneem en dit vervolgens via die bloed aan die hele liggaam meedeel.

[7] Uit die maklike te verstane beeld kan julle nou goed aflei van watter aard die hart in sy bestaansgrond is en moet wees, om aan die hele liggaam lewe te kan verskaf. Dat die hart bowendien nog `n baie uitgebreide, buitengewone kunstige en uiterste wyse organiese-meganiese werking het en moet hê vir die verdere oordra van die lewe wat daarin ontwikkel, dit spreek ook sonder verdere verklaring vanself; want wanneer iets verder gebring moet word, moet vir die doel ook goeie gebaande weë bestaan en die middele om dit oor te bring moet aanwesig wees. Vir die beligting van ons onderwerp, het ons egter vernaamlik alleen die twee kamertjies nodig, en daarvan eintlik alleen die bevestigende positiewe kamertjie."

# 31 Julie 2020 - Lesing 8 - Die Groot Skepping van die Heelal

### Ooreenkoms tussen die mikro-kosmos en die makro-kosmos. Die redes vir die menswording van die Meester op hierdie aarde

**Hfs 57 (Die Meester:) [1]** "Kyk, soos elke mens in die kleine ook ten behoewe van sy kort liggaamlike proeflewe op `n bepaalde manier ingerig is, so is die hele Groot Skeppingsmens ook in sy algehele omvang op ooreenkomstige wyse ingerig!

[2] Nou moet julle bedink dat hierdie hulssfeer, waarin hierdie aarde, met die maan, die son en alle ontelbaar baie ander sonne en hemelliggame hulleself bevind, by die **inrigting van die hart van die Groot Skeppingsmens** hoort, en dat hierdie son, met die planete wat om haar heen sirkel, die "**bevestigende, positiewe kamertjie**" voorstel, en dat binne die lewenskamertjie juis deur hierdie aarde, op ooreenkomstige wyse, in die eintlike geestelike basisstof van die lewe voorsien word - iets waarvan `n wêreldse geleerde wel nooit die hoe en waarom sal kan insien nie. Maar Ek, as Skepper van die oneindigheid uit Myself, weet dit en kan julle dus ook sê hoe dit hiermee gestel is.

[3] Ek is egter van ewigheid die **grondslag van al die lewe en al wat bestaan**, en is derhalwe ook die **oer-bevestigende, positiewe Lewenskamer in die ewige lewenshart van die oneindigheid.**

[4] Toe Ek dus volgens My Liefde, Wysheid en Orde in Myself besluit het om My in die liggaam van `n mens te klee, kon Ek dit, in ooreenstemming met die ewige orde in die Groot Skeppingsmens, immers ook maar net realiseer het op die punt dat, ook al is dit uit My geskape, **dit volkome met My Oerwese moet ooreenkom.**

[5] Daarmee is weliswaar nie gesê dat waar hierdie aarde, waarop ons nou is, die eintlike sentrale positiewe punt sou moet voorstel nie. Dit sou ook `n ander aarde (planeet) kon wees **wat by hierdie son hoort,** en daar was ook al `n ander daarvoor bestem; maar die bewoners daarvan het hulle nog baie onwaardiger gedra as die bewoners van hierdie aarde nou, en daarom **was daardie aarde/planeet verwerp en saam met haar bewoners verwoes**.

[6] Omdat hierdie aarde nou sedert die tyd van Adam daartoe uitverkore was, en Ek op haar bodem nou die liggaamlik-menslike aangeneem het, sal sy dit ook bly tot aan die **einde van die tyd van die geoordeelde geeste in alle materie**, en julle sal in die gees ook diegene bly wat die oorspronklike lewe uit My in alle oneindigheid en ewigheid sal **uitdra**, **en om die rede My ware kinders wees.**

[7] Kyk, so is nou baie in kort en so helder as moontlik vir julle die rede uiteengesit, waarom Ek maar **net op hierdie aarde** en op geen ander aarde (planeet), hoe groot of volmaak ookal, uit suiwer liefde vir diegene wat nou My kinders is, die liggaamlike menslike bestaan kon aanneem nie!


[8] Daar is egter naas hierdie vernaamste rede ook nog ander redes, wat My wil saam bepaal het in ooreenstemming met die ewige orde. Maar hierdie bykomende redes is tog slegs die noodsaaklike gevolge van die eintlike hoofredes en ons hoef dit dus nie afsonderlik te belig nie.

[9] Een dergelike rede is byvoorbeeld die algehele **verdeemoediging en vernedering**, waarsonder ook `n hoër gees hom nie met die vlees van die lewensproef kan beklee en vervolgens weer in die mees vrye en selfstandige lewe kan oorgaan of terugkeer nie; en ook dit weerspieël hierdie aarde.

[10] Die bevestigende, positiewe lewenskamertjie in die hart is onder die liggaamsdele seker ook die **mees onaansienlikste deeltjie van die hele liggaam;** dit is duister en word nooit deur die strale van die son verlig en word selfs deur die mense, aan wie dit tog lewe verskaf, **glad nie geken en gewaardeer nie**. Ja, wanneer mens daaroor sou spreek voor die wêreldse geleerdes, dan sou hulle hul skouers ophaal en sê: "Hoe is dit nou moontlik dat die magtige, algemene lewe van `n mens afhang van `n nouliks sigbare klein puntjie?!" Daaruit blyk tog wel duidelik dat selfs die grootste geleerdes, laat staan nog ander gewone mense, hulle eie bestaansgrond nie in die minste ken nie.

[11] En tog moet elke mens wat homself en Elohim werklik wil leer ken, die uiterste onaansienlike lewenskamertjie van sy hart langs die weg van **uiterste deemoed en volgsaamheid binnegaan** en die daaruit ontvangde lewe weer geestelik teruggee! Wanneer `n mens dit doen, **maak hy die lewenskamertjie groter** en verlig hy dit deur en deur. En as dit gebeur het, word die **hele hart** en, vanuit die hart, die **hele mens** verlig en ken hy homself en daardeur ook vir Elohim, omdat hy dan eers kan gewaarword en kan sien hoe die lewe vanuit Elohim die kamertjie binnestroom, dit daar versamel en hom tot `n vrye, selfstandige lewe ontwikkel.

[12] In die kamertjie woon derhalwe **die eintlike Gees uit Elohim**, en as die siel van die mens die kamertjie deur die **regte deemoed en volgsaamheid** binnegaan, soos die liefde van die egte mens ook die ewige, ongeskape liefde van Elohim binnegaan, **dan verenig die siel haar daardeur met die ewige Gees uit Elohim en verenig hierdie gees hom met die geskape siel, en dit is dan die wedergeboorte van die siel in die gees uit Elohim.**



### AANHALINGS UIT DIE GROOT JOHANNES EVANGELIE—BOEK 8

### Ooreenkoms tussen die mikro-kosmos en die makro-kosmos. Die redes vir die menswording van die Meester op hierdie aarde

**Hfs 57 (Die Meester:) (Vervolg)** [13] Soos `n egte mens dit ook moet doen om in homself die volle heerlikheid van die lewe binne te gaan, **so het Ek dit nou ook Self gedoen** om julle `n ware voorbeeld en `n baie betroubare wegwyser **in** die Groot Skeppingsmens te gee, en het Ek op die aarde gekom omdat dit, soos ook reeds gesê, volgens My ewige orde met die bevestigende, positiewe kamertjie ooreenstem, **om so tot My eie** en daardeur ook julle grootste heerlikheid binne te gaan in die volledige mag in die hemel en op alle aarde.

[14] Weliswaar was Ek reeds van ewigheid in Myself in die besit van alle mag en heerlikheid, maar tog was Ek vir geen enkele geskape wese `n **sigbare en `n tasbare Elohim** nie, ook nie vir die mees volmaakte engel nie. As Ek My tot op sekere vlak sigbaar wou maak vir iemand soos Abraham, Isak en Jakob, dan het dit gebeur deurdat Ek `n **engel** spesiaal sodanig vervul het met die gees van My wil, dat hy op bepaalde oomblikke My persoonlikheid voorgestel het. **Maar van nou af aan het Ek vir alle mense en engele `n sigbare Elohim geword** en het Ek vir hulle die grondslag gelê vir `n totaal volmaakte, ewig en selfstandige vrye en as gevolg daarvan ware lewe; en daaruit bestaan dan ook My eie groter verheerliking en daarmee ook die van julle.

[15] Want hoe kon selfs die mees volmaakte engele en ook die vroomste mense van hierdie en alle ander aardes (planete) die Elohim, wat hulle nooit gesien het en daarom ook nooit begryp het nie, in waarheid verheerlik deur `n ware en lewende liefde vir Hom? Want daar was altyd gesê: Niemand kan Elohim sien en daarby die lewe behou nie; want die suiwer Godheid is in Homself `n verterende, ewige vuur!" **Die vuur is nou in My bedek en getemper deur die liggaam van My**, en nou geld nie meer: Niemand kan Elohim sien en lewe nie!", maar: "**Van nou af aan sal elke engel en mens Elohim kan sien en lewe; en wie Elohim nie sal sien nie, sal `n baie ellendige en `n geoordeelde lewe hê!"**

[16] Wat Ek julle nou gesê en getoon het, is sodoende sekerlik ook `n belangrike bykomende rede waarom Ek slegs op hierdie aarde, die menslike vlees aangeneem het.

[17] Soos julle ook nou uit hierdie beskrywing sonder meer duidelik moes begryp het, waarom Ek op hierdie en geen ander aarde/planeet die menslike vlees kon aanneem nie, sal julle ook die volgende nog helder kan begryp en insien.

[18] Julle het gesien hoedat `n bepaalde uiters **onaansienlike bevestigende, positiewe lewenskamertjie van die hart** as die eintlike grondbeginsel van die lewe van die mens ook as **enigste** in staat is tot die helderste en mees ware intelligensie, en derhalwe reeds in homself die **lig, die waarheid en die lewe** is. So is dit ook gestel met die mense van hierdie aarde. Oorspronklik is hulle ten opsigte van die mense van ander aardes ook **baie onaansienlik, blind, duister, klein, swak en magteloos**; die geeste van ander hemelligame ken hulle eintlik nie, soos die mens van hierdie aarde homself uiteindelik ook nie ken nie. Maar in die verborge innerlike kern van hulle lewe is hulle vanuit My **die fundamentele lewenspunt van die gehele Groot Skeppingsmens** en kan vanuit hulleself dan ook baie hoë lewenskapasiteite ontwikkel, wat by die mens van ander aardes slegs in `n baie eensydige en ondergeskikte graad voorkom.

[19] Kragtens sulke baie hoë en goddelike kapasiteite van die mens van hierdie aarde, waartoe ook veral, `n goeie geartikuleerde uiterlike en innerlike **taal**, die **skryfkuns** en **rekenkunde** en nog baie ander dinge behoort, is hulle dan ook as enigste in staat om die geopenbaarde woord uit Elohim se mond, byvoorbeeld eers in die **1) uiterlike betekenis** van letters of beelde, en van daaruit vervolgens ook in die **2) ware geestelike sin** en ten slotte ook in die **3) diepste sin van die hemelse lewe** te verneem.

[20] Hierdie vermoë is iets **onskatbaar groots en voortreflik**, soos ook die **lewe- en intelligensie vermoëns** van die bevestigende, positiewe lewenskamertjie van die hart, wat die onskatbare **volmaakste en edelste** deel van die hele mens is. En ook weer daarom, kon Ek alleen maar by julle op hierdie aarde kom en by niemand anders op `n ander aarde nie.

[21] Kyk, dit is dan weer so `n rede waarom Ek alleen op hierdie aarde **die menslike vlees** kon aangeneem het! En dit is dan so die vernaamste redes vir My menswording op hierdie aarde.

### Die uiteensetting oor die vernietigde hemelliggaam

**Hoofstuk 75** [6] By die **begin van die sesde periode** het ons gesien dat daar `n planeet **van binne-af** vernietig word, en dat hierdie aarde met Adam die lewenskamertjie in die Groot Skeppingsmens word. Ek sal julle nou die toestand van die vernietigde wêreld laat sien, en wel soos dit ook vroeër was, asook hoe dit nou daaruit sien; en daarna sal Ek julle ook laat sien in watter verhouding hierdie aarde staan tot die Groot Mens, dit wil sê alleen in geestelike opsig, maar nie in die materiële werklikheid nie. Aangesien so iets egter met woorde alleen, sonder `n sintuiglike waarneembare beeld nie aan julle getoon kan word nie, sal Ek julle nou deur My wil die son met al haar planete op klein skaal laat sien, dan sal julle by die bekyk van die beeld My woorde weldra maklik begryp; let nou dus almal goed op!"

[7] Toe Ek dit gesê het, ontstaan daar in die vrye

lugruimte `n bal met `n deursnee van `n hand breedte; dit stel die son voor. In `n so goed moontlike weergegewe verhouding in die hoedanigheid van grootte en afstand - maar die saalruimte was natuurlik te klein om hulle heeltemal in hulle korrekte onderlinge verhouding weer te gee - word ook alle planete met hulle mane weergegee, en wel soos hulle ook was, toe die **vernietigde planeet met sy vier mane** nog nie aan die begin van die sesde periode vernietig was nie. Ek verklaar aan almal die posisies van die planete, noem hulle name, sowel in die Judese as in die Griekse taal, en hulle sien die planeet waar dit nou **tussen Mars en Jupiter** sweef en met sy vier mane daaromheen sirkel. In die hoedanigheid van grootte lyk hy baie soos Jupiter, hy het slegs meer vasteland as Jupiter en ook `n hoër dampkring bo hom en `n groter inklinasie* en daarom ook `n skuinser baan om die son. * (*poolneiging: die hoek wat die hemelliggaam maak met die eklips*)


[8] Toe almal dit nou goed begryp het, sê Ek verder: "Kyk, so was die ordening **ongeveer vierduisend jaar gelede**, gereken vanaf nou. Toe vind die vernietiging van hierdie planeet egter plaas, waaroor Ek julle vertel het. Hoe en waarom dit plaasgevind het, het Ek julle al gesê. Maar kyk nou, hoe die planeet daar uitsien nadat die vernietiging plaasgevind het!"

[9] Almal kyk nou na die planeet, wat nou in baie groot stukke uiteenval. Slegs die vier mane bly oor; maar omdat hulle hulle sentrale hemelliggaam kwyt was, raak hulle orde versteur en verwyder hulle hulleself meer en meer van mekaar, reeds omdat hulle `n ekstra stoot deur die **oopbars** van die sentrale planeet gekry het.

[10] Die stukke van die planeet val verder uiteen in die baie breë ruimte tussen die bane van Mars en Jupiter. `n Groot aantal kleinere brokstukke verdwyn ook via beide bane, en sommige val op Jupiter, sommige op Mars, en enkeles **selfs op hierdie aarde**, op Venus, op Mercurius en ook op die son.

[11] (**Die Meester**:) "En selfs die mense wat, wat hulle liggame aanbetref, reusagtig groot was, word by die bars van die planeet in groot aantalle in die vrye ruimte ingewerp, net soos ook die ander skepsele. Sommige verdroogde lyke swewe nog rond in die woeste eterruimte, ander sit en lê dood en heeltemal verdroog in hulle huise, wat nog op die groter brokstukke van die planeet bestaan; enkele van die lyke het selfs ook op hierdie aarde geval, waar hulle egter reeds na enkele honderde jare ontbind, en so gebeur dit ook op ander planete.

[12] Die groot seë van hierdie planeet verdeel hulleself met die bars, saam met hulle bewoners van allerlei soorte, eweneens in groter en kleinere druppels, waarvan enkeles `n deursneë van baie ure/myle het, wat ook die vaste aardbodem in hulleself dra en ook nog deur sommige diere bewoon word. Op die vier mane lewe nog die vroeëre skepsele, slegs in `n reeds meer **verkrummelde toestand**, soos dit ook die geval is op die enkele baie groot stukke wat oorgebly het, maar in `n nog meer verkrummelde toestand; op die kleiner brokstukke heers egter **geen organiese lewe** nie, behalwe die van die verwering en langsame ontbinding."



# 3 Augustus 2020 - Lesing 10 - Die Groot Skepping van die Heelal

## DIE GROOT JOHANNES EVANGELIE—BOEK 8

### Oor die bewoners van die vernietigde hemelliggaam

**Hoofstuk 76** Toe dit so vir die aanwesiges getoon en uitgelê word, sê Markus, die Romein: "O Meester en Leraar, dit moes op die planeet vir die mense tog iets onbeskryflik verskriklik gewees het! Hulle moes almal wel van vertwyfeling gesterwe het! **En wat het daar van hulle siele geword?"**

[2] Ek (**JaHshua**) sê: "Dat `n dergelike katastrofe vir die mense iets baie ontsettend was, dit is wel seker; **maar dit was hulle eie skuld.** Hulle was reeds vooraf gedurende baie en lang tye onderrig, vermaan en gewaarsku. Daar is aan hulle gesê wat hulle kon verwag. Maar met hulle wêreldse verstand beskou hulle dit alles as breinspoeling en onsinnige verhale van die sieners, wat in hulle eenvoud en aardse armoede die liggelowige volk maar net sulke dinge voorspel het, om aansien te verwerf en in die hoop dat mense in hulle liggaamlike onderhoud sou voorsien. Die hooggeplaaste en vername mense het hulle nie net nie geglo nie, maar hulle ook van alle kante met vuur en met die swaard vervolg; ja, hulle het hulle ten slotte **so sterk versit teen alles wat ook maar enigsins na die geestelike geruik het**, dat elkeen wat dit maar gewaag het om hardop te praat of te skryf oor iets wat maar net in die vêrste vêrte betrekking gehad het op `n gees, sonder enige barmhartigheid gedood was, en dit was dan ook nie meer moontlik om **die groot hoogmoed** en die onbarmhartige harte van die mense die hoof te bied nie.

[3] Hierdie mense was baie vindingryk in aardse dinge en reeds baie duisende aardse jare gelede `n **soort springstof** uitgevind. Wanneer dit aangesteek word, **vernietig dit alles**. Wanneer hulle ongeveer tienduisend pond van die vreeslike ontplofbare stof ongeveer duisend manshoogte diep onder die berg Libanon in `n grot sou opstapel en dan aansteek, dan sou dit vervolgens alles op een en dieselfde oomblik ontbrand en die hele groot, hoë berg in baie stukke uiteen ruk, **soos ook die Hanogiete vóór Noag met baie berge gedoen het,** waardeur die **inwendige watersluise** van die aarde geopen was en almal vervolgens in die hoë vloedgolwe omgekom het.

[4] Kyk, met sulke verskriklike, deur die duiwels ingegewe uitvindinge voer die mense van die nou vernietigde planeet steeds hulle misdadige praktyke uit en ten slotte ook op baie groot skaal. Hulle voer oorloë, en die een ondermyn die land van die ander diep aan alle kante, en hulle vul die myne met groot hoeveelhede van die duiwelse springstof. Dit word dan op slinkse wyse aangesteek en vernietig die hele groot land. Met dergelike pogings om die land te vernietig gaan hulle steeds verder en verder, en hulle maak ook steeds dieper en groter gate in hulle groot aarde, wat byna **tweeduisend keer groter was as hierdie aarde**; maar ten slotte gaan hulle tog te diep, waardeur die inwendige kamers van die aarde, wat van nature ook ver en diep na alle kante met **oervuurstof** gevul is, vinnig en heftig saam aan die brand vlieg. En kyk, die inwendige vuurgeweld ruk die gehele groot planeet uit sy baan en **laat hom in alle rigtings ontplof**, en die bose mense het hulle einde bereik, saam met die van hulle aarde!

[5] Ek het wel geweet dat dit so sou plaasvind, en dit was ook My bedoeling dat hierdie aarde nou is wat hy is. Hierdie aarde kom egter oorspronklik ooreen met die deemoedigste kleinste deeltjie in die liggaam van `n mens, naamlik die onderste knobbeltjie van die huidsenuwee van die kleintoontjie aan die linkervoet - **weliswaar nie wat die plek betref nie**, maar, soos ook gesê, wat die **geestelike betekenis van deemoed** betref - en nou is julle die draers van My eintlike kinders, wat hulle uit eie vry wil volgens My wil wat aan hulle geopenbaar is, moet rig en opvoed.

[6] Daar bestaan origens selfs in fisiese opsig `n verbinding en `n ooreenkoms tussen die hooflewens-knobbeltjie in die hart en die knobbeltjie van die onderste huidsenuwee van die linker kleintoontjie. En daarom kan mens veral in deemoedig geestelike opsig sê dat hierdie aarde vroeër ook ooreengekom het met die vroeër genoemde huidsenuweeknobbeltjie van die toontjie by die Groot Skeppingsmens en daarom nou ook die hooflewensknobbeltjie in die hart van die Groot Skeppingsmens is en sal bly; dit wil sê: geestelik, deur middel van die **kinders van My Liefde en Wysheid** wat op haar ontstaan het Maar sy kan ook fisies nog so bly gedurende `n tyd wat vir julle onvoorstelbaar lank is, al sal daar op haar bodem ook groot veranderinge plaasvind. **Want ook die latere nakomelinge sal weer die slegte springstof uitvind en nog `n groot hoeveelheid vernietigingsinstrumente, en hulle sal baie, baie verwoesting op die aarde aanrig; dat hulle egter nie tot op `n te groot diepte in die aarde kan kom nie, daarvoor sal goed deur My gesorg word.**

[7] So sal Ek ook die wat Myne is op hierdie aarde nooit as wese agterlaat nie, maar in die gees by hulle bly tot aan die einde van haar tye, en **daarom sal `n dergelike vernietiging op hierdie aarde nooit kan plaasvind nie;** maar plaaslike vernieling en verwoesting sal sekerlik plaasvind, en daarby sal die mens ook in groot angs, skrik en ellende raak, en baie sal swaar ly onder **angs en bang verwagting** van die dinge wat oor die aarde gaan kom. Maar hulle sal ook self skuldig wees aan wat daar oor hulle sal kom.

[8] En so het Ek dus vir julle onthul hoe dit was met die vernietigde hemelliggaam toentertyd, en hoe dit nou met hierdie aarde gestel is en in die toekoms sal wees; maar gaan jy nou by jouself na, of jy alles wel begryp het!"

# 4 Augustus 2020 - Lesing 11 - Die Groot Skepping van die Heelal

**Biskop Martin - Hoofstuk 46 -**
**DIE NEGENDE KABINET MET SY TREURIGE GEHEIM.**
**DIE VERPLETTERDE WÊRELD VAN DIE ASTEROIDES**
**EN SY GESKIEDENIS.**

(**Die Meester**): "Ons is by die negende deur. Wat sien jy hier? Nou, My liewe seun Martin, jy is weer toegelaat om te spreek, maar slegs wat nodig is. Antwoord dus My vraag."

(**Biskop Martin**): "Meester, ek sien nog nie baie nie. Daar is ongeveer nege klein, kaal, vormlose 'wêrelde' wat in hierdie suiwer hemelse lug hang. Behalwe vir enkele struikgewasse, kan ek nie veel onderskei nie, alhoewel ek die indruk kry dat daar `n groot hemelse wêreld sigbaar word op `n ver afstand. Maar, as gevolg van die afstand, is dit baie vaag en ek kan nie sien wat daarop is nie. Vier klein 'wêrelde' wat nader aan ons sirkel blyk bewoon te wees, want ek merk op hulle eienaardige klein soort geboue, alhoewel ek geen mense kan sien nie. Ek neem aan dat hulle nie baie groot is nie, waarskynlik `n soort van infusoriale mens. Een van hierdie 'wêrelde' sweef verby die deur. Die enigste goed wat ek daarop kan sien, is `n paar verknogte struike en klein wonings, wat eerder na miershope lyk. Maar daar is geen beweging nie, behalwe dit van die 'wêreld' self. Vertel My, o Meester, of dit ook `n planeet is, of wat?"

(**Ek, JaHshua** sê): "Ja, My liewe seun Martin, dit is ook `n **planeet**, maar soos jy kan sien, nie `n hele een nie, maar `n sleg **verminkte een**. Want saam met die nege stukke wat onreëlmatig voor ons sweef, is daar nog `n hoop puin: Party daarvan is verstrooi op ander planete, sommige sweef rond in wanordelike rigtings in die eindelose ruimte van die skepping. Hier en daar, as hulle te naby kom, word hulle aangetrek en soort van ingesluk deur `n vaste planeet of `n son.

Jy het nou `n paar vrae in gedagte: "Hoe en waarom was hierdie planeet verbreek? Hoe was hy daarvoor? Hoe het sy inwoners gelyk?" "Die antwoord op die 'hoe' is My almag: Dit was My wil! En hoekom? Kyk, hierdie planeet was oorspronklik bestem tot wat nou die bestemming van die aarde geword het. **Want die eerste gevalle gees het dit gekies, met die belofte om homself te verneder en terug te keer na My**. Daarom was hierdie planeet bedoel om die **ster van verlossing** te word. Hier het hy belowe om self aktief te wees sonder om ooit in te meng by die sfeer van enige van die ster se inwoners, ook nie die van enige ander planeet nie. Maar hy het egter nie sy belofte gehou nie, maar het sy vryheid op so `n bose manier gebruik, dat geen lewe vordering kon maak op hierdie planeet nie. As gevolg hiervan is hy verban na die **brandende middelpunt van die planeet** en die bestemming van hierdie planeet was onverwyld oorgedra aan julle aarde. Toe die aarde gereed was vir die mens/ adamiet, het ek die saad vir die eerste mens gesaai, maar die **Bose een het aan sy gevangenismure geruk**. Uit medelye laat Ek hom toe doen wat hy wou en hy het sy aarde aan stukkies geruk en **hy het in die afgrond van julle aarde gedompel,** waar hy sedert toe alles doen wat bekend is aan jou.

Die rede vir die vernietiging van hierdie planeet was soos in alle dinge, My deernis. Want, terwyl hierdie planeet nog heel was en bewoon was deur baie magtige nasies, **het die draak hul harte vergiftig met wellus vir mag.** As gevolg hiervan het hulle **voortdurende oorlog** gevoer en mekaar die volledige vernietiging tot die laaste man toe gesweer. Daar was toe geen ander manier as `n oordeel nie en dit was die oopbars van die planeet, waar **baie miljoene van sy baie groot inwoners omgekom het.** Sommige was onder puin begrawe, maar die meeste van hulle was uitgegooi in die ruimte. Sommige het selfs op die aarde geval en uit daardie tyd dateer eweneens die heidense mite van die oorlog van die reuse. Maar die eerste mense het heeltemal uitgesterf op die oorblywende stukkies van die oorspronklik grootste planeet, omdat hulle nie in staat was om die nodige voedsel te vind nie. Hulle is uiteindelik vervang deur `n **baie klein menseras, baie beskeie, wie die hare op die kop en die wenkbroue van die kosmiese mens verteenwoordig**. In die agtergrond, kan jy nog steeds die hele planeet sien soos dit was, wat behoue bly vir die groot dag wat gaan aanbreek in die hele oneindigheid. Nou weet jy ook van hierdie deur wat nodig is vir jou om te weet op hierdie stadium. Met verloop van tyd, sal al die saad ontkiem wat Ek nou in jou hart geplaas het. Volg My nou na die tiende deur, waar nuwe wonders op jou wag. Laat dit so wees! "

***The Dragon Goddess Tiamat:*** *Cosmic Creatrix*

*Tiamat was a primary Goddess in Babylonia: She was* ***mother of all the Gods****. Before She gave birth to them, there were no Gods... only She and then later Her consort, Apsu (whom She also created).1*

*She was the primordial Chaos, and the all-powerful, nurturing Mother of everything in existence. She was associated with the salt water ocean, the origin of life on Earth.*

***Tiamat was sometimes seen as a Dragon (and mother of dragons)*** *— the personification of elemental forces of Nature that can never be tamed or constrained. She is the original Dragon — a sort of winged lion — the powerful Goddess that men have been trying to slay for millennia.*

***As the Dragon, Tiamat also holds fire within Her****, and breathes the fire to warm Her children — both in the waters and on land — so that they can live.*

# 5 Augustus 2020 - Lesing 12 - Die Groot Skepping van die Heelal

### 'n Boodskap van moeder-aarde aan haar kinders

***Aan Oom Gert J. de Vries 28 op Augustus 1997***

Die nag ná **27 Augustus 1997** het ek 'n droom gehad soos volg: 'n Man kom staan by my en vertel my die volgende woorde **namens moeder-aarde**:

"Op 24 Augustus 1997 is my geboorte herdenking. Ek is nou 24 tydperke oud.

Maar laat ek nou eers vir my kinders vertel wat die verskil is tussen die tydsberekeninge van die heelal en my eie tyd. Een dag van die heelal-tyd is gelyk aan 1000 jaar in my tyd.

Dus is een tydperk in die heelal-tyd gelyk aan driehonderd-en-sestig duisend jare in my **tyd**.

Ons is **agt sterrestelsels** in ons groep. Die sentrale een is die grote, die Mooie, die reine, die wonderbare een. Sy word genoem: **Die Basuine van JaHWeH Elohim** van die leërskare. Ons ander sewe het ons **vaste bane rondom haar.**

Die een waarin ek is, voltooi ons kringloop om haar, elke driehonderd-en-sestigduisend jare in my aardse tyd gemeet. Dit is dan wat ek **Tydperke** noem.

Nou 24 tydperke gelede het twee groot liggame gebots in 'n ander sterrestelsel. Altwee het opgebreek in baie stukke en krummels. Dis hoe ek en my susters en ons maat, son, toe gebore is. Ons was toe nog almal vuurballe, soos son nou nog is. Son was by verre die grootste van ons groepie en het ons dus saam met hom gesleep deur sy swaartekrag en voortgespoed deur die ewige ruimtes, skynbaar doelloos. Na 20 tydperke deur die ewige ruimtes het ons Almagtige Skepper ons toe 'n plekkie gegee in hierdie sterrestelsel. Ons Almagtige Skepper **het ons toe so gerangskik soos julle, my kinders self sien**.

Ek, wat amper die kleinste van ons was, is toe geseën met die bewoonbaarste plekkie, of soos julle dit noem, baan in ons groepie. Die grootste stuk wat vir ons ander dra is nou **wat son genoem word**. So het onse Skepper ses dae gelede vir my kinders gesê om dit te noem. Skepper VADER het my nog meer geseën. Hy het vir my 'n pragtige ou maatjie as **lyfbediende** gegee, dié het VADER gesê, moet julle "**Maan**" noem.

Met ons 21ste herdenking van ons geboorte, toe stuur VADER 'n groot gasbal, soos die wat ons nou nog partymaal sien verbykom as dit met hulle lang sterte verbygaan. VADER het toe daardie een beveel om met my te bots. Dit het my heeltemal ingesluk en groot veranderinge op my aangebring. Dit het gedeeltelik omgesit in **water** en my 'n pragtige **kleed van heilsame atmosfeer gegee**. Dit het gebeur nou drie tydperke gelede, toe ons 21 tydperke oud was.

VADER het my beklee met 'n **pragtige globale tuin**, of soos my kinders dit noem "**paradys**". My susters was jaloers op my, maar VADER het gesê hulle moet my dien. Son was verlief op my. VADER het ook vir my kinders van lewende wesens geskape om my oppervlak te bewoon.

Nou moet ek vir julle, my kinders die tragiese waarheid vertel: Êrens uit 'n **ander stelsel** het 'n **ander liggaam se kinders grootliks gesondig**. Hulle het hulleself teen VADER verhef **en toe gooi VADER hulle af op my**, sodat hulle voor die heelal kon wys dat hulle net so goed soos VADER kan bestuur, want so het hulle voor die heelal beweer in hulle **sondige selfverheffing**. Gou het hulle egter my kinders ook laat sondig en my pragtige kleed besoedel totdat ek in die duisternis en dood gedompel was.

Na byna drie tydperke, nou **net ses dae gelede**, het VADER toe weer een klein deeltjie op my gereinig en was daar weer lig op my. Maar weer het die bose stout kinders gekom en ook weer daardie ligkolletjie kom besoedel. Van toe af is hier op my 'n hewige geveg aan die gang tussen die kinders van die duisternis en die kinders van die lig. **Die lig sal eindelik oorwin, want so het VADER belowe.**

Drie dae gelede het my kinders, verlei deur die bose kinders, **begin om vir son te aanbid**. Ek het ook vir son baie lief, omdat hy my nog altyd gedra en gedien het. Nou het ek ook as gevolg daarvan gesondig. Alreeds ses dae gelede toe die bose **my nuwe lig** kom besoedel het, toe het VADER my al vervloek omdat my **rein kinders van lig besoedel geraak het deur vermenging met die bose kinders**.

Nou, drie dae gelede was hier weer 'n groot gebeurtenis. My een suster het ook gesondig, toe stuur VADER 'n ander groot liggaam om met haar te bots en haar heeltemal te verpletter. Hulle is toe altwee opgebreek in krummels wat die ruim ingeslinger is in alle rigtings. 'n Klomp van die krummels het toe soos duisende maantjies om my ander suster begin sweef - hulle sweef nou nog om haar heen. Die skok van daardie botsing het my so geruk dat ek vir 'n oomblik gladnie kon beweeg nie, dit het my uit my ou baan uit weggeruk, **sodat ek nou verder van son af is as voorheen.** Nou voltooi ek my kringloop om son in meer as vyf dae langer as voorheen. My ou maatjie "maan" is ook as gevolg daarvan uit haar baan geslinger, **sy het nou nader aan my gekom,** sy het altyd presies dertig dae van my ou kort daggies gebruik om my te omsirkel, en nou doen sy dit korter, omdat sy nou nader aan my is. VADER het belowe om ons weer terug te bring na ons regte bane, wanneer **VADER binnekort alles weer op my kom regmaak.**

'n Paar groterige krummels het netnou op my afgeskiet, maar my suster het my gehelp, toe val hulle op haar, maar **daar sal nou-nou twee op my kom val wat net so groot soos groot berge is**. Ek sal sekerlik ruk en beef. Dis hoe die Skepper as Hoëpriester Sy twee hande op my lê om my voor te berei as offer, want VADER het gesê **ek moet môre geoffer word**, nou moet ek gereed gemaak word voor die Sabbat

aanbreek. Net na die Sabbat (aanbreek?) word ek geoffer.

My kinders, ek vrees dit wat nou oor my kom, daarom waarsku ek julle om baie te bid en op VADER te vertrou, **want ek gaan nou-nou skud en beef soos nog nooit in my bestaan nie**. Dis hoe VADER my as offer vir HOM regmaak.

Hy het belowe dat ek daarna weer 'n kleed sal kry wat nog mooier gaan wees as die eerste een wat ek gehad het voordat die bose kinders op my was. **Hierdie ou lelike besoedelde kleed, vol bose kinders, brand uit as ek môre geoffer word.** Wanneer ek dan my mooi nuwe kleed van lig by VADER kry, dan vat VADER vir son weg, sodat ek nie weer sondig deur op son verlief te raak nie. Daarna sal VADER my en my kinders self dra, dan mag ek vir VADER wat my dra liefhê en dit sal nie vir my sonde wees nie. So sal VADER dan vir my nog 25 tydperke dra en wat dan daarna sal wees, weet ek nou nog nie.

My kinders, ek gaan my nou voorberei en my regskud, so moenie verskrik word nie, vrees net vir VADER en klou aan HOM vas met volle vertroue."

Daarna het ek wakker geword.

G J de Vries.

***Kuiper belt*** *is a wide ring-shaped region in the outer solar system. It contains millions of small icy objects, gas, dust, and asteroids that orbit around the sun. Kuiper belt exists beyond the solar system planets after Neptune's orbit. It is also called **Edgeworth Kuiper Belt**.*

